

Wei op die regte tyd!!!

Dr. Philip Botha. Instituut vir Plantproduksie. Outeniqua Proefplaas.

Hoe dikwels en **hoe kort** weidingsgewasse beweï word beïnvloed die plant- en diereproduksiepotensiaal van 'n weiding. Uit 'n weidingsbestuuroogpunt is dit van die belangrike bestuursbesluite wat 'n veeboer daagliks neem. Die beskikbare plantmateriaal vir beweïding bestaan uit blare en stingels. Volwasse blare is smaaklik, hoogs verteerbaar en van 'n hoë kwaliteit. In vergelyking met blare is die kwaliteit van stingelmateriaal laag. Die smaaklikheid en verteerbaarheid van die stingels verlaag verder met 'n toename in ouderdom. Hieruit is dit duidelik dat die blaar- tot stingel-verhouding van 'n weiding die hoeveelheid wat 'n dier daarvan sal vreet, kwaliteit en die uiteindelijke diereproduksiepotensiaal sal bepaal.

Die stingelmateriaal bevat belangrike groeiereserwe voedsel vir die plant wat na beweïding bydra tot die herstel van die plant en vorming van nuwe blare. Sodra die nuutgevormde blare volwasse is word die groeiereserwes weer aangevul en die plant is gereed om weer beweï te word. Indien die weiding te dikwels beweï word sal die blare nie kans kry om volwasse te raak en deur fotosintese die groeiereserwes aan te vul nie. Die groeiereserwes sal uitgeput raak en die plant sal later nie meer die vermoë hê om na beweïding te herstel nie. Indien die tussenposes tussen beweïdings egter te lank is, sal die stingelmateriaal toeneem en die kwaliteit en smaaklikheid van die weiding sal afneem. In beide gevalle word die diereproduksiepotensiaal per eenheidsoppervlakte nadelig beïnvloed.

Indien die weiding te kort beweï word, word die dier gedwing om onsmaklike stingelmateriaal van 'n laer kwaliteit in te neem. In die praktyk beteken dit dat te min weiding toegelaat is wat beteken dat die diere honger is en optimale melk- of vleisproduksie nie behaal sal word nie. Indien die weiding nie kort genoeg beweï word nie lei dit tot die vermorsing van weidingsmateriaal en die opbou van stingelmateriaal. Die onbeweïde plantmateriaal sal ook verhoed dat sonlig die groeipunte bereik en spriet- en blaarvorming word belemmer.

Navorsing toon dat die geskikste stadium van hergroei vir beweïding van gewasse verskil. In terme van die kwaliteit en kwantiteit van die plantmateriaal is dit vir kikoejoe by die 4.5 blare per loot. Dit word ook die 4.5-blaarstadium genoem. By meerjarige raaigras is gevind dat die grootste afname van groeiereserwes in die wortels en stingels gedurende die eerste 11 dae na beweïding plaasvind waarna die storing van groeiereserwes weer begin en na 28-30 dae weer aangevul is. Om die gestoorde groeiereserwes by meerjarige raaigrasse by die optimum-vlak te hou, behoort die plante by die drie(3)-blaarstadium beweï te word. By beide eenjarige en meerjarige raaigrasse is dit noodsaaklik dat, ongeag die blaarstadium, beweïding in aanvang neem sodra 'n digte blaredak gevorm word wat verhoed dat sonlig die grond bereik. In die afwesigheid van sonlig sal die stingelmateriaal dadelik begin toeneem. Dit gebeur gewoonlik gedurende die lente wanneer die plante vinnig groei en die blare ombuig om 'n digte blaredak te vorm. Die eerste tekens dat dit gebeur is die verskyning van blink kolle in die land soos die omgebuijnde blare die son weerkaars. Lusern word elke 35 dae of sodra die okselknoppe begin verkleur, beweï.

Indien hierdie belangrike bestuursbeginsels gevolg word sal maksimum plantproduksie van 'n hoë

kwiteit produseer word. As gevolg hiervan sal meer diere per hektaar aangehou kan word en die vleis- of melkproduksie per dier sal optimaal wees. Dit verseker 'n winsgewende produksie-eenheid waarin optimale melk of vleis per hektaar geproduseer word. Vir verdere inligting skakel Philip Botha by 0448033712. e:pos:philipb@elsenburg.com